

Woensdag 2 Junie

Skrifgedeelte: Handeling 15:22-35 (1983-vertaling)

Fokusgedeelte: Handeling 15:28

Die Heilige Gees en ons het besluit

In Handeling 15 is 'n belangrike vergadering gehou om oor 'n saak te beslis wat groot spanning in die kerk veroorsaak het. Nadat die vergadering tot 'n bevinding gekom het, is besluit om die bevinding skriftelik en met getuies bekend te maak. In vers 28 vind ons 'n baie belangrike sinnetjie in die brief wat geskryf is. Daar staan: “Die Heilige Gees en ons het besluit ...”

Hoe kon die vergadering hierdie bewoording goedkeur – lê hulle nie woorde in God se mond nie? Hoe kon hulle namens die Heilige Gees praat – was hulle nie arrogant nie? Die vergadering kon, want die vergadering was oortuig dat die Heilige Gees hulle gelei het om die besluit te neem. Immers, die vergadering het onbevange en so objektief moontlik die wil van die Here in die saak gesoek. Daar is gekyk na wat in die Skrifte geopenbaar is, en daar is gekyk na wat die Heilige Gees in die praktyk laat gebeur het. Daarby (dit was 'n uitstaande kenmerk van die vroeë kerk) is beslis gebid vir wysheid en insig, asook om nie hulle eie wil en eie voorkeure voorop te stel nie. So kon hulle sekerheid kry wat die wil van die Heilige Gees is.

Uit hierdie stuk geskiedenis kom daar 'n groot verantwoordelikheid tot ons. Ons kan en mag nie maar net ons eie opinie, of enkele ander mense se opinie oor geloofsake volg nie. Ons (individueel, maar ook gesamentlik as gelowiges – as kerk) moet seker maak wat die wil van die Here is. Dit doen ons deur sy Woord biddend bestudeer – so objektief en onbevange en onderwerpend moontlik. En ons moet ons situasie biddend aan sy Woord toets – so objektief en onbevange moontlik.

So kan ons tot die vaste oortuiging kom wat die Here van ons in sekere situasies verwag, en kan ons sy wil gaan doen.

Sing: Psalm 40-1:4

Dr. JA Erasmus (Jannie) (Odendaalsrus)